



Towerlantern Fotografie
fotografienuus
maart 2020

"Vuurdans"
Lensopening f5; Sluiterpøed 1/60 sekonde; Fokale lengte 200 mm

Ons het in ons vorige uitgawe van *Fotografienuus* gesels oor abstrakte fotografie en ook toeligting en wenke daarvoor gegee. Ons het selfs ook gesê dit is relatief maklik om abstrakte foto's te neem.

Ons het enkele voorbeelde genoem van onderwerpe wat geskik is vir abstrakte foto's, waaronder boombasse, wrakstukke en ou plaaswerktuie. In hiedie uitgawe van *Fotografienuus* wil ons die aandag vestig op 'n spesialis-onderafdeling van abstrakte fotografie, naamlik abstrakte kleurfotografie.

Lees dus verder meer hieroor en ook ander sake – en soos altyd is jy enige tyd welkom om van jou foto's te stuur vir plasing. Gee daarmee saam ook 'n kort beskrywing van die foto's.

Johan

Redakteur: Johan de Klerk

Bladuitleg: Fransa Vorster van [Colourcode Designs](#)

Wil jy graag 'n bydræ lewer tot Towerlantern se nuusbrieff?

Kontak ons gerus vir meer inligting hieroor!

Towerlantern behou die reg voor om sekere artikels / foto's nie te plaas nie. Menings uitgespreek in artikels is dié van die skrywers, en nie van Towerlantern self nie.

Ons ontvang ook advertensies, doen gerus navraag.

— voorbladfoto


Die titel van die voorbladfoto se bedoeling is bloot net “kleur” – en in die besonder dan abstrakte kleur. Let hiermee saam op dat die onderwerp byna onidentifiseerbaar is, soos dit eintlik hoort by 'n abstrakte foto.

Let ook op na die tegniese kamera-inligting, naamlik 'n lensopening van f5, 'n sluiterspoeë van 1/60 sekonde en 'n fokale lengte van 200 mm. Besef dat die lensopening van f5 groot is, wat 'n klein velddiepte (klein skerp gebied) gee en dat die fokale lengte van 200 mm smal is, wat 'n klein ingezoemde gebied gee. Dink by laasgenoemde aan die toneel wat jy sou sien as jy deur 'n verkyker of teleskoop kyk. Hierdie twee sake, naamlik 'n klein velddiepte en 'n klein/smalle ingezoemde gebied, speel 'n sleutelrol by die kry van 'n prent soos ons voorbladfoto.

Ons verduidelik verderaan met foto's hoe die voorbladtoneel tot stand gekom het. Daarna word ook selfdoen-riglyne gegee.



Stap vir stap



ONTWIKKELING VAN DIE VOORBLADFOTO

- 1 Die toneel is gevind.
- 2 'n Geskikte hoekpunt is gekry (voor- en agtergrond skerp; lensopening f32)
- 3 'n Beter toneel is gekry (voorgond onskerp, agtergrond skerp; lensopening f5).

- 4 'n Nóg beter toneel is gekry (voorgond en agtergrond onskerp; fokussing op vlak voor voorgond; let op na skerp blaartjies bo).
- 5 Finale toneel, soos op voorblad.



RIGLYNE

VIR ABSTRAKTE KLEURFOTOGRAFIE

Aanvaar die volgende (en hou ook die voorafgaande fotoreeks in gedagte): Die abstrakte fototoneel is voor jou, die kamera is op 'n driepoot, die komposisie is ongeveer reg en 'n rowwe fokussering is reeds gedoen. Volg die onderstaande voorskrifte.

Hoekpunt Soos in die fotoreeks, moenie tevrede wees met die eerste kameraposisie nie – soek, soek soek.

Fokusvlakke Kontroleer dat daar verskillende fokusvlakke (inligtingsvlakke) is. In die fotoreeks is daar byvoorbeeld sprake van 'n agtergrondvlak, 'n voorgrondvlak en 'n nog nader vlak (blaartjie).

Tipe lens Vul die foto so goed as moontlik. Eksperimenteer self met die regte lens(e) en varieer die keuses.

Portret- of landskapformaat Kies volgens behoefte.

ISO Stel die ISO laag, byvoorbeeld 100-200.

Witbalans Stel die witbalans (vir natuurlike of kunsmatige lig) volgens die ligomstandighede.


Lensopening Kies 'n groot lensopening vir die toneel, byvoorbeeld f4.

Keuse van fokuspunt en rowwe fokussering Besluit op 'n fokuspunt in die voor- of agtergrond en wees bewus van verskillende fokusvlakke. Speel rond.

Sluiterspoed Verstel die sluiterspoed met behulp van die liniaal vir die korrekte beligting. Onderbelig indien nodig.

Fyn fokussering Maak gebruik van die LCD-skerm en sorg vir 'n skerp fokussering van die fokuspunt.

Sterkte – ons sien daarna uit om van jou werke te sien.





Beoordeling van JOU foto's

Ons het twee maande gelede gesels oor die waardering van jou en ander fotografe se foto's. Dit is egter so 'n belangrike saak dat ons dit vandag weer herhaal. Aan die einde van die bespreking is 'n paar foto's waarop jy jou kennis kan toets. Vra jouself die volgende vræ af:


Fokus (skerpte) Is minstens die hoofonderwerp van die foto skerp in fokus? Is die regte punt(e) van die onderwerp in fokus?

Duidelike bedoeling van die foto Het die foto 'n bedoeling en is dit duidelik? Is dit duidelik wat die hoofonderwerp(e) is?

Komposisie Is die hoofonderwerp by 'n trefpunt? Moet dit? Is die foto te besig of spreek dit van eenvoud?

Beligting en beligting Is beide beligtingsvorme (Engels: *lighting* en *exposure*) goed gedoen? Is daar gedeeltes van die foto wat oorbelig is en wat die aandag aftrek?

Kleur Is daar botsende kleure in die foto of vul die kleure mekaar aan? Is die gebruik van kleure te oorweldigend of andersins oninspirerend?



Beoordeling van JOU foto's

vervolg van vorige bladsy



Wat maak die foto treffend of spesiaal? Is daar kreatiwiteit in die foto? Is daar iets in die foto wat spreek van wye denke? Hoe voel jy oor die geheelbeeld van die foto?

Emosie en luim Hoe laat hierdie foto jou voel? Wek die foto 'n bepaalde emosie of luim (Engels: *mood*) by jou op?

Lees die volledige inligting by: <https://bit.ly/2VoAmcz>




Maak vir jou 'n kort lys van hierdie wenke en plaas dit in jou kamerasak of selfoon. Toets jou kennis deur die meegaande foto's te beoordeel. Jy kan ook voorbladfoto's van vroeëre uitgawes van *Fotografienuus* beoordeel. Stuur gerus jou mening.



Towerlantern Fotografie
- maart 2020 -

Fokusvlakke en inligtingsvlakke



By ons rubriek oor riglyne het ons die terme *fokusvlakke* en *inligtingsvlakke* gebruik sonder om dit te verduidelik. Gelukkig is die terme in 'n sekere mate selfverduidelikend maar ons wil dit tog hier verder toelig.

Vooraf kan twee voorbeelde help:

- ✓ Miskien het dit al gebeur dat jy in 'n winkel só na iets op 'n rak soek dat jy 'n vriend wat tussen jou en die rak inkom, skoon misgyk.
- ✓ Miskien het jy al met jou motor gery en 'n voetganger naby jou misgekyk omdat jy gekonsentreer het op 'n kar verder weg.

In beide gevalle is daar twee inligtingsvlakke betrokke, naamlik (in die eerste voorbeeld) die vriend in die winkel en die item op die rak, en (in die tweede voorbeeld) die voetganger naby en die kar verder weg. In albei gevalle is daar egter net een fokusvlak op 'n keer van toepassing, naamlik dié vlak wat jy skerp raaksien.

Met 'n kamera kan dié saak baie handig en kunssinnig benut word. Klem kan afwisselend op verskillende vlakke gelê word (soos by ons vroeëre fotoreeks).

Let in die twee foto's hierby op na die klein verskil tussen die twee vlakke: In die een geval word daar gefokus op die blomkern en in die ander geval op die stylpunt van die blom.

Towerlantern se kursusse

As jy alreeds ons gevorderde-vlakkursus gedoen het (of tans daarmee besig is) kan jy inskryf vir ons **spesialiskursus**. As jy wil, maar nog twyfel, skrik wakker. Die begindatum is om die draai, naamlik 18 Maart 2020.

Ons **aanlynkursusse** is steeds ook 'n moontlikheid – veral as jy ver van Potchefstroom af bly. Die eerste- en gevorderde vlak is altyd beskikbaar. Ons streef ook daarna om hierdie jaar ongeveer gelyk met die genoemde plaaslike spesialiskursus ook die aanlyn-spesialiskursus aan die gang te kry.

Doen navraag in verband met enige van die genoemde kursusse.



FOTOGRAAF DAVID LA CHAPELLE

Die fotograaf David la Chapelle is een van die Amerikaanse fotograwe wat jy beroemd of berug sou kon noem – afhangend van jou fotografiese hoëpunt.

Die volgende Wikipedia-aanhaling gee 'n idee van sy werk:

“He is best known for his photography, which often references art history and sometimes conveys social messages. His photographic style has been described as ‘hyper-real and slyly subversive’ and as ‘kitsch pop surrealism’. Once called the Fellini of photography, LaChapelle has worked for international publications and has had his work exhibited in commercial galleries and institutions around the world.”

Die foto hierby gee 'n idee. As jy verder op La Chapelle se spoor wil loop, doen self die naslaanwerk, maar maak beslis ook jou veiligheids gordel vas.

Towerlantern Fotografie
- maart 2020 -

Fotos

van fotografievriende

'n Jarelange vriend Josef Steyn (vroëer van Hogsback en tans van Stilbaai) deel graag 'n paar van sy foto's met ons. Josef en sy vrou Elsa het maar onlangs die verskuiwing gemaak. Behalwe 'n nuwe omgewing is daar natuurlik ook nuwe fotogeleenthede. Die foto's spreek daarvan. Hy skryf soos volg:



Op 'n laatmiddag het ons langs die strand gaan stap en ek het weer twee zoemsarsiefoto's geneem. Dit is sommer uit die hand geneem. Beide foto's is met my 24-105 mm f4 lens geneem. Die onderwerp vir albei hierdie foto's was 'n poeletjie water met 'n paar gekleurde klippies.



In die afgelope week was ek saam met 'n vriend na 'n skuiling waar ek 'n paar voëls kon afneem. Die lig het egter nie saamgespeel nie en ek sal weer moet gaan. Dit was sterk bewolk en ek moes 'n hoë ISO gebruik en daar is dus bietjie ruis te sien. Ek was ook een oggend langs die rivier en kon daar in beter lig iets kry. Ek sluit 'n foto of twee daarvan in.



Ek sluit ook 'n ander een in wat ek as 'n "kunsfoto" verwerk het. Hierdie foto is geneem van 'n brandertjie wat oor die strand gespoeel het. Ek het gedurende redigering alle kleur verwyder en die kontras verhoog.

waardering van *lesers*

'n Fotografievriendin, Veronica Heersink, skryf die volgende in verband met *Fotografienuus* (en baie dankie daarvoor):

Baie dankie – ek kon eenvoudig nie anders nie as om in te skryf nadat ek julle op internet raakgeloop het. Julle nuusblad is ongelooflik! So vol raad en leerstof. Dankie hiervoor.

VINNIGE FEITE

Oor die jare het baie ontwikkeling gelei tot fotografiese film wat kleure baie helder en versadig weergee. Kodachrome was die eerste kleurfilm wat tot die algemene publiek se beskikking was. Vandag kan helder kleure per rekenaar versag word, of andersom – sodoende het fotografe nou 'n kleurpalet gekry wat so beheerbaar is soos dié van 'n skilder. Lees meer hieroor by: https://en.wikipedia.org/wiki/Autochrome_Lumiere



Advertensie of anti-advertensie?

The Whopper DAY 28

Fotografie en advertensies gaan hand aan hand. Hoe beter die fotografie, hoe beter die bemerkingsveldtog. Burger King het onlangs 'n unieke bemerkingsveldtog geloods.

Hulle wou graag klem lê daarop dat daar nie preserveermiddels in hul hamburgers gebruik word nie. En die "bewys" daarvan is om te wys hoe hul hamburgers muf. Wat 'n vreemde bemerkingsfoefie!

Wat dink jy? Is dit effektief? Is dit advertensie of anti-advertensie? Die fotografie is in elk geval besonders. Probeer dit nadoen!

